

Toetrede

Liturgie van die Lig

Woorddiens

Lesing 1: Handeling 11:1-18 (1953)

¹ EN die apostels en die broeders wat in Judéa was, het gehoor dat die heidene ook die woord van God aangeneem het.

² En toe Petrus opgaan na Jerusalem, het die wat uit die besnydenis was, met hom getwis

³ en gesê: By onbesnede manne het jy in die huis gegaan en saam met hulle geëet.

⁴ En Petrus het begin en vir hulle die loop van die saak uiteengesit en gesê:

⁵ Ek was in die stad Joppe in die gebed, en in 'n verrukking van sinne het ek 'n gesig gesien: 'n voorwerp het uit die hemel neergedaal soos 'n groot laken wat aan die vier hoeke uit die hemel neergelaat word, en dit het tot by my gekom.

⁶ En toe ek die oë daarop hou en dit waarneem, sien ek die viervoetige diere van die aarde en die wilde en die kruipende diere en die voëls van die hemel.

⁷ En ek hoor 'n stem vir my sê: Staan op, Petrus, slag en eet!

⁸ Maar ek antwoord: Nooit nie, Here, want niks onheiligs of onreins het ooit in my mond ingegaan nie.

⁹ En die stem het die tweede keer my uit die hemel geantwoord: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie.

¹⁰ En dit het drie maal gebeur en alles is weer opgetrek in die hemel.

¹¹ En dadelik staan daar drie manne voor die huis waar ek in was, wat van Cesaréa na my gestuur was.

¹² En die Gees het vir my gesê dat ek saam met hulle moes gaan sonder om te twyfel. En saam met my het ook hierdie ses broeders gegaan, en ons het in die huis van die man ingegaan.

¹³ En hy het ons vertel hoe hy die engel in sy huis sien staan het en vir hom sê: Stuur manne na Joppe en laat vir Simon haal wat ook Petrus genoem word;

¹⁴ hy sal woorde tot jou spreek waardeur jy en jou hele huis gered sal word.

¹⁵ En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin.

¹⁶ En ek het die woord van die Here onthou, hoe Hy gesê het: Johannes het met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word.

¹⁷ As God dan aan hulle dieselfde gawe gegee het soos aan ons wat in die Here Jesus Christus geglo het, wie was ek dan, dat ek God kon verhinder?

¹⁸ En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.

Tema: Watter grense of vooroordele teen ander mense koester jy?

Broodjies vir die Pad

The book of Acts tells the story of the early church, and it is a story of transformations. Characters, most particularly Peter and Paul, undergo transformation; and so does the church itself. Paul's change is the most dramatic—a complete turnaround from a bitter opponent of the gospel to a courageous bearer of the word into the Gentile world. Peter's is equally significant, however; and both characters' faith journeys are central to the plot of Luke-Acts.

<http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary>



Autumn

The leaves are falling, falling as if from far up,
as if orchards were dying high in space.
Each leaf falls as if it were motioning "no."

And tonight the heavy earth is falling
away from all other stars in the loneliness.

We're all falling. This hand here is falling.
And look at the other one. It's in them all.

And yet there is Someone, whose hands
infinitely calm, holding up all this falling.

Rainer Maria Rilke



Nicholas Lash writes: "...Jesus' resurrection and... Easter hope ... attempts to state that the story of human history is ultimately to be told in terms not of death, but of life, not of chaos but of God's unconquerably effective love." "It follows that, if the doctrine of the resurrection is [taken to be true], then nothing whatsoever, no circumstance, no suffering, no cracking by chaos of sanity and dignity, no betrayal, no oppression, no collapse of sense, structure or relationship, can justify despair, can justify the admission that, at the end of the day, the darkness has the last word. Those who know this know, I think, all that it is yet possible for us to know of what 'resurrection. means." (*Theology on the Way to Emmaus*, pp 184-185)

<http://sacraconversazione.blogspot.com/2010/04/fourth-sunday-of-easter-year-c.html>

Brood vir die Pad

Laat die wind toe om te draai

deur Elmarie Wiesner

DIE wind het gedraai.

Die plek waar 'n mens woon, het sy eie wind.

Hier waar ek nou woon, het die wind invloed. Dit lok vlieërplankryers van oral, verander oefenprogramme, veroorsaak die plasing van spieëls in voorportale. En twee maal per jaar verander dit radikaal van rigting

(suidoos/noordwes), telkens om 'n seisoensverandering duidelik te merk.

Trotseer een maal 'n Vrystaatse stofstorm buitenshuis en jy weet selfs hoe proe die wind. Om die hoeke van my familie se Karoo-opstal het die wind 'n stem, 'n oerskepsel-huil.

'n Mens kan dit nie sien nie. Maar ons weet wat gebeur, hoe dit lyk en klink en voel, as die wind waai. So, verduidelik Jesus ook vir Nikodemus in Johannes 3, is dit met elkeen wat die Heilige Gees leer ken.

In sommige kringe word gesprekke hieroor verwelkom. Mense raak vurig opgewonde oor die werk van die Gees, en laat ek niemand wat vrug of gawes geniet inhibeer nie. As 'n mens egter fyn oplet, is daar in elke christelike geselskap ook diegene wat stil raak wanneer die onderwerp aangeroeur word. Baie mense is al gemanipuleer en seergemaak deur wat andere aangebied het as die werk van die Heilige Gees.

Sommige vind die blote onvoorspelbaarheid (soos Jesus ook na verwys) daarvan net een te veel.

Teoloë probeer eeue lank al die werk van die Heilige Gees karteer – van Augustinus tot Calvyn tot Barton. Hulle vaar glad nie sleg nie, hoor. 'n Mens kan baie leer van gehoorsaamheid en beweeg saam met die Gees uit 'n goeie boek. Dit bly egter steeds 'n slegte alternatief op die ware Jakob – Lost City-golwe vir 'n Jeffreysbaai-surfer.

In een of ander stadium moet jy maar jou seile span en die wind toelaat om jou mee te voer. Anders – dit weet jy daar diep – mis jy dalk die grootste avontuur van Christus: om met Hom te leef, in die moment.

Jesus belowe sy las is lig en sy juk is sag. Hoe sleg kan dit nou wees om te waag om die Gees te volg? Die vrug daarvan is darem allerlei mooi dinge: liefde, vreugde, vrede...

Al bogenoemde is waar. Diegene wat waag om deel te neem, put uit die skatte van die hemel self. Maar in my wandel met mense, in my spreekkamer en langs siekbeddens en in krisisse en teleurstellings, sien ek dikwels die wind draai. Ek sien hoe die Heilige Gees mense ontwig, stuit en frustreer.

Ek hoor hoe Hy dikwels fluister as hulle wil hê Hy moet skree. Ek beleef hoe Hy sy vinger presies op die wonde plaas. Die wind in my eie lewe nou is 'n herfswind, snerpend koud en sterk genoeg om akkerblare los te wikkels van die bome.

Die fout wat ons kan maak, is om te dink dat dit nie die werk van die Gees is nie.

Omdat die werk van die Heilige Gees altyd goed is, dink ons dit moet altyd lekker wees. Feit is: soms het ek nodig om gestroop te word van dinge wat ek as kosbaar ag, maar wat in werklikheid my las verswaar. Ons het nodig dat die Gees ons wonde aanraak, want Hy alleen kan genees wat vir ander lelik en grillerig is. Soms konfronteer God my oor dinge wat moet verander. Ons het juis frustrasie en ontwigting nodig om te besef: Miskien gaan dit nie alles net oor my nie, miskien het God 'n groter plan, en as ek bietjie van rigting verander, kan ek saamvlieg, saam seil, saam beweeg.

Dus is my voorneme hierdie herfs om die wind sy invloed te gun. Laat hy die motreën waai wat die koringlande gaan groen maak; laat hy die blare loswikkels om plek te maak vir die lentegroen; laat hy draai en swaai net soos hy wil, ek

hoef nie te weet waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie.

<http://www.volksblad.com/Rubrieke/WoordenPerspektief/Laat-die-wind-toe-om-te-draai-20130421>

Kennis van geloof en wetenskap verskil

deur Anton van Niekerk

My dank aan Pienkes du Plessis (DB, 18.04) vir goeie en interessante vrae na aanleiding van my artikel oor die verhouding tussen geloof en wetenskap.

Ek sal probeer antwoord, hoewel ek opreg bewus is van my gebrek aan insig in en deurslaggewende antwoorde op dié komplekse onderwerp.

Ek verskil met Du Plessis as hy aanvoer dat wat ek “geloofskennis” genoem het, “nutteloos en blote raaiwerk” is, in onderskeiding van wetenskaplike kennis wat “saaklik, nuttig en aanwendbaar” is.

Daar is 'n soort kennis waarsonder ons nie kan klaarkom nie en wat glad nie werk soos wetenskaplike kennis nie. Dit is die soort kennis wat die gevolg is, nie van die een of ander hipotese wat ek empiries kon toets nie, maar daarvan dat ek deur iemand anders van iets verseker is.

Hoe weet 'n mens, byvoorbeeld, dat jou vrou vir jou lief is? Bloot omdat sy dit vir jou sê? Of omdat sy jou verseker dat dit die geval is?

Versekering

Ons weet uiters belangrike dinge in die lewe, nie omdat hulle die resultate van wetenskaplike eksperimente is nie, maar omdat ons leef vanuit die versekering van ander mense, asook vanuit die belewenis dat daardie mense se versekering betroubaar is omdat hul verbintenis aan onself duursaam en onomkeerbaar is.

Geloofskennis het veel meer te make met laasgenoemde soort kennis. Dit koester in my 'n wete wat mede-bepalend is vir die mens wat ek is, en wat ek nie kan verloor of prysgee sonder dat my identiteit as naamdraende persoon daarmee op die spel kom nie.

Om 'n ou bekende voorbeeld te gebruik: Toe Galileo deur die Kerk gedwing is om sy “waarheid” (dat die aarde om die son draai) prys te gee kon hy dit maklik doen, want of hy sy waarheid aanvoer of nie, maak geen verskil aan daardie waarheid nie.

Waardes prysgee

Toe dieselfde eis egter aan Martin Luther gestel is, kon hy die waarheid wat hy bely het – dat die regverdige alleen uit die geloof sal lewe – nie terugtrek nie (“Hier staan ek, ek kan nie anders nie, so help my God”). Want om sy waarheid terug te trek sou beteken dat hy sou ophou om die mens Martin Luther te wees, en sou hy die waardes, ideale en oortuigings wat daardie mens definieer, prysgee.

Daarom, lyk dit my, is die kennis van die geloof en die kennis van die wetenskap verskillend en nie na mekaar te herlei nie. En ek sou baie huiwer om sonder meer te reken dat die een noodwendig meer of minder betroubaar as die ander is.

<http://www.dieburger.com/MyDieBurger/Briewe/Kennis-van-geloof-en-wetenskap-verskil-20130420>